



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

VISUELE KULTUURSTUDIES: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID**1.1 Bloom se taksonomie: Vlak 3 Toepassing.**

- In **Afbeelding A** word visuele dominansie geskep deur die geel van Kwezi se hemp in teenstelling met die blou van sy broek en die agtergrond.
- Die kunstenaar bereik dit deur 'n groot sentrale figuur met 'n eenvoudige agtergrond te skep.
- Die figuur lyk ook asof dit na die leser toe beweeg.
- Die teks boaan sowel as die gebrande/stukkende grond aan die onderkant help om die figuur te omraam sodat dit die dominante onderwerp word.
- Enige geskikte antwoord.

1.2 Bloom se taksonomie: Vlak 4 Ontleding.

2 punte vir identifisering hoekom Afbeelding A as 'n strokiesprent geïdentifiseer word. 1 punt vir 'n atipiese eienskap.

- Hy het byvoorbeeld oordrewe spiere.
- Daar is byvoorbeeld die gebruik van "aksielyne" aan albei kante van Kwezi, wat sy afwaartse beweging toon.
- Kwezi het gebalde vuiste wat vasberadenheid en/of krag toon. Dit word dikwels in strokiesprentboeke gebruik.
- Dit is digitaal beskikbaar en nie net in 'n uitstalruimte nie. Veelvuldige kopieë is beskikbaar en nie net 'n enkele skildery/kunswerk nie.
- Sterk buitelyne definieer die figuur.
- Alhoewel die figuur naturalisties is, is dit vereenvoudig.
- Alhoewel die figuur naturalisties is, is beweging gedramatiseer en oordryf, soortgelyk aan strokiesprentboeke.
- Enige geskikte antwoord.

Moontlike atipiese eienskappe:

- Alhoewel Mohau geïdealiseer is, is dit meer naturalisties as 'n tipiese gestileerde kunswerk.
- Die kunstenaar se handtekening is in die regterkantse onderste hoek.
- Daar is geen teksborrel of enige teks, behalwe die handtekening, op die kunswerk nie.
- Enige geskikte antwoord.

1.3 Bloom se taksonomie: Vlak 3 Toepassing en Vlak 4 Ontleding.

- Die figuur dra klare tipies aan die Basotho-stam. (Afrika-stam is ook aanvaarbaar). Sy hoed en kombes is deel van sy stamdrag.
- Die afbeelding is Afrosentries omdat die subjek 'n Basotho-hoed, Afrika-juwele en 'n knopkierie/staf dra.
- Sy mantel is nie tipies van 'n superheld nie, maar eerder 'n Basotho-kombes.
- Hierdie kleredrag beklemtoon die sentrale figuur, 'n swart Afrika-man, as 'n sterk en outoritêre held.
- Enige geskikte antwoord.

1.4 **Bloom se taksonomie: Vlak 4 Ontleding.**

- **Afbeelding B** - Mohau word as 'n sterk, gespierde man uitgebeeld.
- Die lae hoek van die komposisie laat hom sterk en belangrik lyk.
- Hy vermy oogkontak met die kyker, wat van hom 'n "onaantasbare held" maak en baie geïdealiseerd, eerder as naturalisties.
- **Afbeelding C** beeld 'n pragtige swart vrou uit wat nakend is.
- Sy is versier met 'n massiewe hooftoisel, wat haar belangrik laat lyk.
- Die hooftoisel beklemtoon die feit dat sy nakend is.
- Sy vermy ook oogkontak wat haar onaantasbaar of geheimsinnig laat lyk.
- Enige geskikte antwoord.

1.5 **Bloom se taksonomie: Vlak 5 Evaluering.**

Argument vir **Afbeelding A**

- Hierdie afbeelding is deel van 'n strokiesprent en tipies deel van jeugkultuur.
- Dit is meer informeel, gebruik informele taal en inspireer jongmense dus.
- Dit toon 'n kontemporêre, cool en jeugdige held na wie die jeug kan streef.
- Strokiesprente is uiters toeganklik – iets wat in digitale formaat gelees word en nie noodwendig as hardekopie gekoop word nie. Dit sluit aan by die jeug se aanklank by digitale media.
- Die boek sal in winkels verkoop word waartoe almal toegang het.
- Die onderwerpe wat in die strokiesprentboek aangespreek word, is relevant tot die jeug van Suid-Afrika en die feit dat hierdie strokiesprent elke maand of so uitgegee word, beteken elke uitgawe/storie is 'n nuwe manier om belangrike sosio-politiese kwessies aan te spreek.

Argument vir **Afbeelding C**

- Die afbeelding toon 'n ideale skoonheid, daarom sal jongmense hiervan hou omdat dit met hul aspirasies verband hou.
- Die afbeeldings laat jongmense toe om te droom – die hooftoisel van die model is fantasie en soos 'n droom.
- Die hooftoisel toon 'n verskeidenheid afbeeldings – en 'n verskeidenheid interpretasies. Die jeug kan maklik individuele toepaslikheid in die simboliese afbeeldings vind.
- Die kunswerk toon komplekse afbeeldings en simbole – iets wat 'n ruk neem om te ontled – iets wat die jeug op serebrale vlak vermaak.
- Die afbeelding toon goeie vaardigheid – iets waarna jeugdige kunstenaars kan streef en kan geniet.
- Enige geskikte antwoord wat goed gemotiveer is.

VRAAG 2 OPSTEL: KONSEPTUELE EN INTERNASIONALE KONTEMPORÊRE KUNS

RUBRIEK

Kandidate moet die mate waarin huidige EN/OF konseptuele internasionale kunstenaars se werk die kunstenaar se oorsprong of kulturele grense kan oorskry en tot die mensdom as geheel kan spreek, krities oorweeg.

Potensiële geldige argumente.

Vir

- Daar is soortgelyke temas wat dwarsdeur die mensdom loop. Oorlog, dood, liefde, vrede. Wanneer 'n kunstenaar oor sy/haar eie kontekste praat, het die kunswerk steeds die mag om tot die mensdom te spreek as die kunstenaar daarin kon slaag om sy/haar gehoor te ontroer.
- Die meeste mense wat gereeld kunsgalerye besoek, is opgevoed. Om na 'n galery toe te gaan, beteken dat jy 'n belangstelling het. Galerye verskaf ook inligting oor die kunstenaars en hul rasionaal. As dit in ag geneem word, is dit billik om te sê dat indien die werk kragtig genoeg is, sal baie kykers die werk verstaan as hulle ingelig word oor die konteks waaruit dit kom.
- Die meeste kunstenaars beskou hulself as wêreldburgers en hanteer kwessies wat algemeen in 'n globale konteks voorkom. Daar is waarskynlik baie min kunstenaars wat net hul eie spesifieke kultuur aanspreek en wanneer hulle dit doen, kan dit steeds die kyker ontroer as die werk emosioneel kragtig genoeg is.

Kiefer (**A**) is op 8 Maart 1945 tydens die laaste maande van die Tweede Wêreldoorlog gebore. As die seun van 'n kunsonderwyser was hy aangetrokke tot kuns en het homself as 'n kunstenaar beskou. Hy het grootgeword in 'n Katolieke huis in die Swartwoud naby die oostelike oewer van die Rynrivier, (**F**) 'n omgewing wat 'n formatiewe rol in sy ontwikkeling as kunstenaar sou speel en wat beelde en simboliek vir sy werk sou verskaf.

(DA)

Die kunstenaar is hoofsaaklik bekend vir sy onderwerpe wat oor die Duitse geskiedenis en mites handel (**F**), veral hoe dit met die uitwissing van die Jode verband hou. (**DA**) Hierdie werke het sy tydgenote daartoe gedwing om Duitsland se verlede te hanteer in 'n tyd toe die erkenning van Naziïsme taboe was. Kiefer inkorporeer swaar impasto en ongewone materiale in sy stukke, soos lood, glasskerwe, droë blomme en hooigerwe, waarvan baie na verskeie aspekte van die geskiedenis en mites verwys. Kiefer se repertoire van afbeelding is wyd uiteenlopend: (**F**) verteenwoordigende en simboliese motiewe, insluitende okkultiese ikone, argitektoniese interieurs en landskapelemente om 'n emosionele en sielkundige effek by die kyker (**DA**) uit te lok. Baie hiervan verwys direk na aspekte van Duitsland se verlede, soos die woude wat beroemde veldslae in herinnering roep of die sprokies van die Grimm-broers. (**F**)

Voortspruitend uit sy belangstelling in die mitologie, geskiedenis en kennis, gebruik Kiefer dikwels boeke as onderwerp wat kennis en beskawing verteenwoordig. (**F**) Hy inkorporeer ook gereeld teks in sy skilderye, insluitende uittreksels uit gedigte, romans en nasionalistiese slagspreuke, sowel as die name van invloedryke persone wat in 'n onleesbare skrif geskryf is. (**F**)

In sy werk *Nagflar*, 1998, (**W**) wat bestaan uit 'n loodsoldeerboot wat bo-op 'n stapel verkoolde boeke wat met gomlak bedek is, geplaas is (**DES**), verwys die kunstenaar na die Noorse mite van die Nagflar of Nagflari. Dit was 'n boot wat geheel en al bestaan het uit die vingernaels en toonnaels van dooies. Tydens die gebeure van Ragnarök word Nagflar aangesê om na Vígríðr te vaar, wat hordes vervoer wat teen die gode sal veg. (**F**) (**MAX**) Die Nazi's is sterk deur die Noorse mitologie beïnvloed en Kiefer verwys dus na hierdie invloed EN/OF verband.

Die feit dat die boot bo-op ou onleesbare boeke geplaas word, verwys na Kiefer se kultuur van storievertelling en mitologie. Dit spreek ook van al die onakkurate en verlore, dog akkurate, weergawes van die gruweldade van die mensdom, nie net met verwysing na die Joodse volksmoord nie. **(F Max)** Alhoewel hierdie kunswerk waarskynlik spesifiek verwys na die gruwelike Joodse volksmoord wat tydens die Nazi-regime plaasgevind het, het dit 'n groot impak op die mensdom oor die algemeen. **(DA)** Eerstens is die Joodse volksmoord 'n wêreldbekende historiese gebeurtenis en baie mense is vertrou met wat hierdie gebeurtenis behels het. **(DA)** Op hierdie manier bring die kunswerk op unieke wyse hulde aan hierdie aspek van die geskiedenis. Tweedens is Kiefer se werk grootliks gebaseer op die uitgangspunt dat die geskiedenis homself voortdurend sal herhaal. Dit beteken dat soortgelyke gebeure deurgaans in die geskiedenis plaasgevind het en dat baie soortgelyke gebeure nog in die toekoms sal plaasvind. **(DA)**

Kiefer se werk is doelbewus ontwerp om 'n gevoel van nostalgie en herinnering te ontlok. Hy gebruik gevoelsmedia wat enige kyker waarskynlik sal verstaan. Sy werk is donker en somber met 'n wolk van vernietiging daaroor. Selfs as jy niks van die Joodse volksmoord geweet het nie, sal jy nog steeds deur sy post-apokaliptiese visioene ontroer word. **(DA)**

Teen

- Ons leef in 'n globale tuiste en die konsep van "kultuur" is ten beste twyfelagtig.
- Konseptuele kuns handel dikwels oor die idee en het min of niks te doen met die kunstenaar se oorsprong vanuit 'n kulturele perspektief nie.
- Ongeag die kultuur waaruit jy kom, moet jy kuns verstaan om dit te kan waardeer. Nie almal verstaan kuns nie, of is nie op hierdie manier opgevoed nie.

Konseptuele kunstenaar **(M)** Martin Creed **(A)**, is in Wakefield, Engeland gebore en het van 1986 tot 1990 kuns aan die Slade Kunsskool by die Londense Universiteitskollege studeer. **(F)** Creed se werk maak dikwels gebruik van watter medium ook al geskik lyk vir sy konsep. Skilder, films, installasies en mobiele beeldhouwerke is alles kenmerkend van sy werk. **(F)** Sedert 1987 het hy al sy werke genommer en die meeste van sy titels is beskrywend: byvoorbeeld *Work No. 79: some Blu-tack kneaded, rolled into 'n ball and depressed against 'n wall* (1993) en *Work No. 88, a sheet of A4 paper crumpled into a ball* (1994). **(F)** Hierdie beskrywende titels doen egter min om die konsep agter die kunswerke aan die algemene publiek te verduidelik. **(DA)** Hy laat die publiek dus in die duister oor die onderliggende betekenis agter sy werk.

Creed se inskrywing vir die 2001 Turnerprys-skou by die Tate-galery was *Work No. 227: The lights going on and off* **(W)**, wat daardie jaar die prys gewen het. ✓ **(F)** Die werk het bestaan uit 'n leë kamer waarin die ligte met 5 sekonde tussenposes aan- en afgeskakel is. **(DES)** Soos dikwels met die Turnerprys die geval is, het dit groot aandag in die pers ontlok, meestal vrae of iets só minimalisties as kuns beskou kan word. **(DA en F ✓)**

Sy werk het dikwels negatiewe reaksies by die algemene publiek ontlok **(DA)**: 'n Besoeker het eiers teen die mure van Creed se leë kamer gegooi uit protes teen die prys, ✓ **(F)** en verklaar dat Creed se aanbiedings nie ware kuns was nie en dat "die skilderkuns die gevaar loop om 'n uitgestorwe vaardigheid in Brittanje te word". **(DA en F ✓) MAX**

Dit is 'n verdere bewys dat die publiek verward is oor hoe sy werk enigsins as kuns beskou kan word. **(DA)** Dit kort al die konvensies van wat universeel en tradisioneel as "kuns" beskou word. **(DA)** Artistieke meriete ontbreek en boonop is die betekenis van sy konsepte so onduidelik dat dit daartoe lei dat sy werk dikwels as onverstaanbaar en derhalwe ongeldig beskou word. **(DA)**

Martin Creed is 'n perfekte voorbeeld van 'n kunstenaar wie se werk nie sy eie kulturele of biografiese konteks oordra nie, omdat dit glad nie na enige kultuur verwys nie. **(DA)** Daar kan betoog word dat dit deel van sy bedoeling was om kuns te skep wat geen kulturele

konnotasies het nie en dat die idee die belangrikste aspek was. **(DA)** Dit is natuurlik in ooreenstemming met die Konseptuele Kunsbeweging **(F MAX)**. Dit beteken egter nie dat mense wat uit verskillende kulture kom, dit noodwendig sal verstaan nie **(DA)**, omdat konseptuele kuns grootliks staatmaak op 'n leerkultuur. 'n Mens moet dus verstaan wat konseptuele kuns is om dit te kan waardeer. Hierdie vlak van begrip is nie die norm nie en daarom sal hierdie werk vir baie mense verlore gaan. Dit sal op sy beste as nuut of "slim" beskou word. **(DA)**

VRAAG 3 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS, VAN DADA TOT DIE 1970'S, KONSEPTUELE KUNS UITGESLUIT

Punte sal toegeken word vir relevante en korrek-gekoose kunstenaars en titels van kunswerke met 'n kort beskrywing.

3.1 Bloom se taksonomie: Vlak 1 Onthou.

- 1 punt per relevante kunstenaar.
- 1 punt per kunswerk met 'n kort beskrywing.

Marcel Duchamp se *LHOOQ* 1919 bestaan uit 'n reproduksie van Leonardo Da Vinci se Mona Lisa met 'n snor en bokbaard op haar gesig geteken.

Andy Warhol se *Campbell Soup cans* 1962 bestaan uit kleur skermdruk-afbeeldings van Campbell-sopblikkies wat op 32 20-duim doeke herhaal word.

3.2 Bloom se taksonomie: Vlak 3–5

*1 punt per kunstenaar waarin verduidelik word hoe hulle voorwerpe hergebruik of ongewone media EN/OF prosesse gebruik het. **Toepassing Vlak 3–2 punte***

*1 punt per kunstenaar waarin verduidelik word wat hulle sienings van die wêreld om hulle is. **Ontleding Vlak 4–2 punte***

*2 argumente per kunstenaar waarin verduidelik word hoekom hierdie proses om voorwerpe te hergebruik as 'n metafoor vir die kunstenaar se standpunte en menings beskou kan word. **Evaluering Vlak 5–4 punte***

Duchamp was 'n lid van die Dada-beweging. As 'n beweging was hulle heftig teen die gruweldade van die Eerste Wêreldoorlog gekant. **(F)**

Hulle het verkies om dit uit te druk deur kuns, musiek en letterkunde te bespot. In *LHOOQ* gebruik Duchamp 'n gereproduseerde afbeelding van Leonardo Da Vinci se Mona Lisa as 'n metafoor vir die toonbeeld van ontwikkeling van die Westerse samelewing. **(F)** In 'n rebelse daad ontsier hy die ikoon deur 'n snor en bokbaard aan te bring. Die beroemde kunswerk word verder bespot deur die letters LHOOQ by te voeg. As dit vinnig in Frans gesê word, klink dit of die leser sê sy het 'n warm sitvlak. **(F)** Op aggressiewe, maar nie-gewelddadige wyse val die kunstenaar die konvensies van die Westerse samelewing en wat as "sosiaal aanvaarbaar" beskou word, aan. **(A)** Hy gebruik sy "vooraf-vervaardigde bystand", wat die

ikoon van die Renaissance ontsier as metafoor vir sy minagting van Westerse Kultuur. **(A)** Dus: as die Wêreldoorlog die toppunt van Westerse sofistikasie is en die Renaissance as die hoogste punt van die Westerse beskawing beskou word, gebruik hy die vernietiging van hierdie bekende afbeelding as metafoor omdat geweld teenstrydig met sy oortuigings is.

Andy Warhol was 'n Amerikaanse Popkunstenaar. Die beweging was ook bekend as neo-Dada omdat hulle die konsep geleen het om gevonde voorwerpe te gebruik, m.a.w. "vooraf-vervaardigde bystand". Die vernaamste onderliggende konsep van hierdie kunstenaar se werk was om eer te betoon aan die groeiende populariteit van glanspersone en populêre kultuur in die gemeenskap. **(F)** Warhol het geglo dat die kunswêreld uitgedien geraak het omdat die idees/konsepte en werkswyses wat in hierdie konteks ontgin is, te duister vir die algemene publiek was. **(F)** Intussen het die publiek toegang gehad tot die immer-groeiende wêreld van die advertensiewese en kinematografie wat hulle kon verstaan. **(F)** Deur 'n populêre handelsnaamprodukt te gebruik om 'n kunswerk te skep, het hy metafories kommentaar gelewer en daarmee vir die algemene massa gegee wat hulle geken en verstaan het. **(A)** Verder het hy besef dat handelsmerke op sigself ikone geword het. Hulle verteenwoordig met ander woorde 'n veel groter betekenis, 'n betekenis wat metafories en letterlik hulde aan 'n kapitalistiese samelewing gebring het. **(A)**

3.3 **Enige relevante en goed-gemotiveerde argument moet as geldig beskou word.**

Bloom se taksonomie: Vlak 5 Evaluering

Albei kunswerke is waarskynlik steeds relevant, maar van die twee kunswerke is Warhol se kunswerk vandag dalk meer relevant. Die reklamewese groei steeds en mense vind die kunswêreld steeds duister en moeilik om te verstaan. **(A)** Met die koms van sosiale media kan daar geargumenteer word dat mense meer gefokus is op hul eie gewildheid en wie hulle op sosiale media "volg" as op wie deesdae in die elitistiese kunswêreld funksioneer. **(A)** Dan is daar ook nog baie kunstenaars soos Banksy, wat op Popkuns se stilistiese eienskappe staatmaak. Selfs vandag nog is daar baie mense wat 'n Popkuns-afbeelding van Marilyn Monroe teen hul muur sal hang vanweë die kulturele ikoonstatus wat sy beklee. Hierdie proses is waarskynlik aangehelp deur die werke van Andy Warhol. **(A)**

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA (1976–1994)**4.1 Bloom se taksonomie: Vlak 1 Onthou.**

1 punt per relevante kunstenaar.

1 punt per kunswerk met 'n kort beskrywing.

Willie Bester, *Forced Removals* 1988 is 'n gemengde media kunswerk wat bestaan uit olieverf en skrootmetaal. Dit beeld 'n township-toneel uit met 'n groot geel stootskrapeer wat 'n sinkhuisie omstoot.

Enige ander toepaslike voorbeeld.

4.2 Bloom se taksonomie: Vlak 3 Toepassing

2 punte per bespreking van sosiale kwessies EN/OF kunstenaar se biografiese besonderhede. Dit hang grootliks af van die voorbeelde wat deur die kunstenaar gekies is.

Voorbeeld van punttoekenning:

Willie Bester is in 1956 in die dorp Montagu naby Kaapstad gebore as seun van 'n Xhosa-pa wat 'n trekarbeider was en 'n ma wat as gekleurd geklassifiseer is. **(F)** Onder die apartheidswetgewing, is Bester geklassifiseer as "ander gekleurd" omdat sy ouers as 'n gemengde raspaar gedefinieer is. **(F)** Sy broers en susters is as swart geklassifiseer en onder hul pa, Vakele, se naam geregistreer. Onder apartheidswetgewing is gemengde gesinne nie toegelaat om in die "Kleurling"-gebiede van Montagu te woon nie. Die enigste verblyf wat vir trekarbeiders in Montagu en elders beskikbaar was, was hostelle vir enkelgeslag-inwoners in groot kampongs agter hoë heinings. Die enigste omstandighede waaronder die gesin tydens Bester se kinderjare saam kon wees, was dus om in informele akkommodasie in ander mense se agterplase te woon. **(F)**

4.3 Bloom se taksonomie: Vlak 5 Evaluering.

2 punte per bespreking van die kunstenaar se konsep, werkwyse, onderwerp EN/OF stilistiese eienskappe en hoe hierdie aspekte diegene wat tydens die apartheidsera gely het, eer of herdenk.

Voorbeeld van punttoekenning:

Bester het sy tegniek verfyn en sy kenmerkende gebruik van gemengde media ontwikkel om sy politieke sienings uit te druk deur 'n kombinasie van foto's, verf en materiaal van township-strate en nabygeleë stortingsterreine te gebruik. **(A)** Sy werk is dus fisies laag-op-laag simbolies vanuit sy omgewing geskep. **(A)** Hierdie tegniese ontwikkelings het gepaard gegaan met 'n groeiende besorgdheid om die komplekse ervaring van townshiplewe en sy eie geskiedenis daarin op te teken. **(A)** *Forced Removals* beliggaam sy kenmerkende gebruik van gemengde media en dit handel oor 'n aspek van die apartheidsgeskiedenis wat hom persoonlik op vele vlakke geraak het. Al sy werke hou met mekaar verband, aangesien hul onderwerpe, waar dit nie self in die omgewing van die Wes-Kaapse township geplaas is nie, altyd in daardie konteks verteenwoordig is. **(A)**

4.4 **Bloom se taksonomie: Vlak 6 Skep.**

2 punte toegeken ten opsigte van die kandidate se idees oor hoe om die kunswerk in 'n "monument" te verander.

Voorbeeld:

Willie Bester se *Forced Removals* kan as 'n lewensgroot beeldhouwerk herskep word. **(A)** Willie Bester is bekend vir sy driedimensionele werk (Soos, *Who let die dogs out?* 2002) en met 'n span helpers kan hy die toneel wat gedwonge verskuiwings uitbeeld, herskep deur rommel en vuilgoed uit die omgewing te gebruik. **(A)** Op vele maniere verwys die gebruik van rommel/vuilgoed ook na die manier waarop sy mense onder die Nasionale Party se regering behandel is.

2 punte toegeken ten opsigte van waar die nuwe "monument" opgerig behoort te word en 2 punte wat verwys na die impak wat hierdie ligging op die algemene publiek mag hê.

Voorbeeld:

Willie Bester se *Forced Removals*-monument kan buite 'n winkelsentrum geplaas word, of selfs binne 'n winkelsentrum. **(A)** Almal moet inkopies doen en dit sal dus die ideale plek wees om 'n impak op die algemene publiek te hê. Ek sal dit in die Bay West-winkelsentrum plaas omdat dit die grootste winkelsentrum in ons omgewing is. Alhoewel hierdie werk handel oor Bester se biografiese ervaring in terme van waar hy grootgeword het, moet daar gesê word dat swart en bruin mense dwarsoor Suid-Afrika onder dwang verplaas is. **(F)** Die Oos-Kaap se South End was so 'n gebied wat eens deur oorwegend swart en bruin Suid-Afrikaners bewoon is. Daar is steeds grondeise wat tot vandag toe verwerk word.

Enige geskikte antwoord

]

VRAAG 5 POST-APARTHEID (POST-APRIL 1994) SUID-AFRIKAANSE KUNS**5.1 Bloom se taksonomie: Vlak 3 Toepassing.**

2 punte vir identifikasie van afbeeldings en toekenning van Suid-Afrikaanse of internasionale verwysings.

Suid-Afrika:

- Die merk/teks "Nuwe Geld" – as 'n graffiti-afbeelding.
- Graffiti word orals in ons stede aangetref.
- Nuwe Geld hou moontlik verband met ons sosio-ekonomiese werklikhede na apartheid. Baie mense het hul ekonomiese vryheid verwelkom en ryk geword. Dit is moontlik ook 'n neerhalende term.
- Steve Biko

Internasionaal:

- Baie afbeeldings wat verband hou met gewilde globale kultuur is ingesluit – en hou verband met 'n spesifiek Amerikaanse kulturele konteks.
- Statue of Liberty
- Mickey Mouse
- Keith Haring
- Neo-klassieke argitektuur, ens.

5.2 Bloom se taksonomie: Vlak 1 Onthou.

1 punt per relevante kunstenaar.

1 punt per kunswerk met 'n kort beskrywing.

Diane Victor, *Smoke Portraits*, wat 'n reeks portrette van Vigs-lyers in 'n Grahamstadse kliniek uitbeeld. Die afbeeldings is gemaak deur roet op papier aan te bring.

Simon Max Bannister, *Plastikos*, is 'n beeldhouwerk in die vorm van 'n draaikolk wat gemaak is van weggooiplastiek wat op die Durbanse strande gevind is. Dit is 'n ruk lank in die Twee Oseane-akwarium uitgestal ter herdenking van Nasionale Mariene-maand.

5.3 Bloom se taksonomie: Vlak 4 Ontleding en 5 Evaluering

5 punte per bespreking of kunswerk.

Voorbeeld van puntetoekenning:

Diane Victor het baie slim gekies om te praat oor die verwoestende gevolge van die Vigs-virus. Haar roetneerslag-tekeninge **(F)** toon ware slagoffers van die epidemie wat in Grahamstad en die omliggende gebiede woon. **(F)** Die medium wat sy gebruik, skep die illusie dat die onderwerpe dus 'n vlietende oomblik is en daardeur verwys sy na die broosheid van die lewe. **(F)** Deur werklike mense te gebruik, gee sy die siekte 'n identiteit. Sy maak mense meer bewus van die lyding van hierdie mense. **(F)** Vigs word dikwels as 'n statistiek beskou en hierdeur vermenslik Victor se werk die konsep van die Vigs-epidemie. **(F)**

Bannister se werk het 'n Afrikaanse titel wat dit aan 'n Suid-Afrikaanse konteks bind. **(F)** Suid-Afrika is bekend vir sy blouvlagstrande, maar as gevolg van oorbevolking, gebrek aan bewustheid en 'n gebrek aan opvoeding **(F)** word ons strande ongelukkig deur rommel en menslike afval vernietig **(F)** Die feit dat die kunswerk juis van hierdie vullis gemaak word, is uiters simbolies. **(F)** Bannister verwys na die daad van herwinning en hy skep 'n pragtige voorwerp uit die werklike probleem, naamlik rommel. **(F)** Hierdeur dwing hy die kyker dus om oor sy/haar optrede na te dink. **(F)**

5.4 **Bloom se taksonomie: Vlak 5 Evaluering**

2 punte per kunswerk

Albei kunstenaars het temas gekies wat globaal relevant is. Bannister se siening is dat besoedeling 'n globale probleem is en Victor se beskouing oor Vigs is ook wêreldwyd relevant. **(A)** Victor se keuse om ware slagoffers te gebruik, sou orals dieselfde boodskap gedra het, ongeag wie se portrette gebruik is of hul nasionaliteite. **(A)** Bannister kon van enige plek in die wêreld rommel versamel het en sy werk sou steeds 'n kragtige boodskap oor globale besoedeling uitgespreek het. **(A)** Albei se ligging hang nie af van 'n bepaalde kulturele konteks nie en daarom sal dit visueel werk, ongeag waar dit uitgestal word. Albei kunstenaars gebruik ook vindingryke media en dit sal enige toeskouer lok, ongeag van nasionaliteit. **(A)**

Totaal: 100 punte